



Lees asseblief die volgende Webtuiste Regskennisgewing noukeurig deur aangesien dit die terme en voorwaardes bevat vir die gebruik van die Geopende Deure webtuiste te <http://www.opendoors.org.za> ("Webtuiste") besit deur Geopende Deure Beperk (Assosiasie Ingelyf onder Artikel 21) ("Geopende Deure") sowel as ander belangrike regskennisgewings toepaslik op die verbruiker wat toegang beskik tot die Webtuiste ("Verbruiker") of ("u") of enige ander persoon in kommunikasie met Geopende Deure ("Lede").

Navrae: [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

## WEBTUISTE REGSKENNISGEWING

# GEOPENDE DEURE BEPERK (ASSOSIASIE INGELYF ONDER ARTIKEL 21)

1. Webtuiste Terme en Voorwaardes van Gebruik	<a href="#">gaan hierheen</a>
2. Geopende Deure Organisasie Inligting en Webtuiste	<a href="#">gaan hierheen</a>
3. Webtuiste Privaatheidsbeleid	<a href="#">gaan hierheen</a>
4. Terme en Voorwaardes van Elektroniese Transaksies en/of Donasies	<a href="#">gaan hierheen</a>
5. Geopende Deure Tegnieuse Kontakte	<a href="#">gaan hierheen</a>
6. Geopende Deure Klagtes Kontakte	<a href="#">gaan hierheen</a>

---

## 1. WEBTUISTE TERME EN VOORWAARDES VAN GEBRUIK

---

Die Verbruiker (U) gebruik van die aanlyn inligtingsdienste soos vervat op die Webtuiste bevestig u aanvaarding van die Terme en Voorwaardes van Gebruik soos hieronder uiteengesit asook u aanvaarding van u verantwoordelikhede wat hieruit voortspruit teenoor Geopende Deure. Geopende Deure se reg om hierdie Terme en Voorwaardes van Gebruik aan te pas te enige tyd deur sodanige veranderinge te plaas op die Webtuiste word voorbehou. Enige en alle aangepaste terme sal outomaties en onmiddellik van krag wees vandat dit op die Webtuiste geplaas is en enige daaropvolgende gebruik van die webtuiste sal gereguleer word onder sodanige aangepaste terme en voorwaardes. Hierdie ooreenkoms is laas nagegaan op 3 September 2010. U word geadviseer om gereeld hierdie Terme en Voorwaardes na te gaan vir enige aanpassings of opgraderings.

**Navrae:** [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

**1.1. Lidmaatskap:** Slegs persone bo die ouderdom van 18 jaar sal in aanmerking geneem word om 'n Lid te word van die Geopende Deure gemeenskap (Lede). Derhalwe bevestig u dat u 18 jaar of ouer is alternatiewelik dat u spesifieke toestemming van u ouer(s) of voog(de) bekom het om aansoek te doen vir Lidmaatskap. Behalwe indien andersins aangedui deur 'n enkel verwysing na intekenare, skenkers of Verbruikers, sal die verwysing na Lede op hierdie Webtuiste Regskennisgewing insluit alle intekenare, skenkers en Verbruikers. **Verbruikersinhoud:** Indien u enige inligting, inhoud of eiendom van 'n persoonlike aard sou oplaai, vertoon, deel, plaas of andersins beskikbaar stel ("Verbruikersinhoud") aan Geopende Deure insluitende u naam, foto's van u, boodskappe, video's ens. word daar uitdruklik bevestig dat u dit doen op u eie risiko en dat Geopende Deure in geheel gevrywaar word van enige verlies of skade wat u mag ly as gevolg van enige aksies of nalatings voortspruitend uit alternatiewelik verbind aan sodanige persoonlike inligting, inhoud of eiendom. Geopende Deure behou egter die reg voor om, sonder enige verpligting om dit te doen, enige Verbruikers inhoud uit te vee of te verwyder, sonder enige kennisgewing, wat moontlik hierdie Ooreenkoms oortree, beledigend, afbrekend of onwettig is of op enige manier die regte skend of op enige ander wyse skade aanrig aan Geopende Deure en/of enige derde party(e). Geopende Deure is geregtig om afskrifte te maak van u Verbruikersinhoud soos nodig ten einde die plasing en storing van sodanige Inhoud op die Webtuiste en/of die verskaffing van gespesifiseerde dienste aan u te fasiliteer. U verleen Geopende Deure, en verteenwoordig en bevestig sodanig dat u die reg het om aan Geopende Deure te verleen, 'n onvoorwaardelike, ewige, eksklusiewe, oordraagbare, vry van enige fooie, wêreldwye lisensie vir die gebruik en kopiëring van, publieke optrede en vertoning, die uitsaai, verwerking en/of vertaling van enige uittreksel in sy geheel of gedeeltelik en verspreiding van sodanige Verbruikersinhoud soos nodig in ooreenstemming met u gebruik van die Webtuiste of vir die doeleindes van Geopende Deure se verskaffing van gespesifiseerde dienste aan u. Sodanige lisensie sal verval wanneer u die Verbruikersinhoud verwyder van die Webtuiste. Geopende Deure sal egter geregtig bly om afskrifte van u verbruikersinhoud te berg nieteenstaande sodanige verstryking.

**1.2. Beperkte Aanspreeklik van Geopende Deure:** Die Verbruiker bevestig dat hy/sy verstaan, kennis neem en saamstem dat die gebruik van die Webtuiste en Dienste plaasvind op die uitsluitlike diskresie en risiko van die Verbruiker. Geopende Deure behou die reg voor om te enige tyd enige aspek of funksie van die Webtuiste of Dienste te verander of te staak, insluitende, maar nie beperk daartoe nie, inhoud, ure van beskikbaarheid, produkte, beskikbare Dienste en toerusting vir toegang of gebruik van die Webtuiste. Nieteenstaande die deurgaande pogings wat geplaas word op die instandhouding van die beskikbaarheid en toeganklikheid van die Webtuiste en Dienste, neem Geopende Deure geen verantwoordelikheid en sal nie aanspreeklik wees vir die tydelike onbesikbaarheid of ontoeganklikheid van die Webtuiste vir enige sodanige rede nie. U aanvaar en kom ooreen dat Geopende Deure, in die uitsluitlike diskresie van Geopende Deure, u lidmaatskap mag beëindig, u Verbruikersinhoud of Persoonlike inligting mag uitvee en/of u enige verdere gebruik van die Webtuiste en/of Dienste mag verbied met of sonder kennisgewing.

**1.3. Geen waarborg:** Die inligting vervat op hierdie Webtuiste en die Dienste verskaf deur hierdie Webtuiste word verskaf deur Geopende Deure en/of sy vennote, affiliate, lede, verskaffers of agente sonder waarborge van enige aard, uitdruklik of geïmpliseerd, insluitende (maar nie beperk daartoe nie) enige geïmpliseerde waarborge van betroubaarheid, geskiktheid vir enige doel, tydigheid, volgorde, volledigheid, nie skending van derde party regte en/of vryheid van foute of onakkuraathede.

**1.4. Vrywaring van Geopende Deure:** U stem toe en bevestig om Geopende Deure te verdedig en te vrywaar en verder Geopende Deure, sy beamptes, direkteurs, werknemers, agente, lisensiehouers, verskaffers en lede te vrywaar van en teen enige eise, skade, aksies en laste, insluitende, sonder enige beperking, verlies van winste, direk of indirek, toevallige, spesiale, gevolgskade of straffende skadevergoeding voortspruitend uit die gebruik of onvermoë van gebruik van die Webtuiste of die Dienste of enige redelike regs- en rekeningkundige fooie, as gevolg van, of na bewering as gevolg van u gebruik van hierdie Webtuiste of die Dienste.

**1.5. Ongemagtigde gebruik van hierdie Webtuiste:** Die Verbruiker word gemagtig om die Webtuiste slegs vir wettige doeleindes te gebruik. Enige ongemagtigde gebruik van die Webtuiste sluit in die plasing of versending van inligting wat op enige wyse hierdie Regskennisgewing skend of inbreuk maak op die regte van Geopende Deure of derde partye, op 'n wyse wat onwettig, afbreukend of andersins aanstootlik of beledigend is in die uitsluitlike diskresie van Geopende Deure. Ongemagtigde gebruik van hierdie Webtuiste mag aanleiding gee tot die instelling van 'n skadevergoeding eis deur Geopende Deure teen u en mag u moontlik skuldig bevind word aan 'n statutêre en/of kriminele oortreding en mag u verantwoordelik gehou word vir siviele skade gely deur Geopende Deure.

**1.6. Webtuiste Skakels:** Van tyd tot tyd mag hierdie Webtuiste skakels insluit na ander webtuistes. Hierdie skakels word verskaf vir u gerief en het ten doel die verskaffing van verdere inligting. Sodanige skakel en die beskikbaarheid daarvan op die Webtuiste impliseer op geen wyse dat Geopende Deure die webtuiste(s) waarheen hierdie skakels lei onderskryf nie. U bevestig dat Geopende Deure geen verantwoordelikheid sal hou en/of geen aanspreeklikheid sal dra met betrekking tot die inhoud van enige webtuiste(s) waarvan die skakels verskyn op die Geopende Deure Webtuiste nie.

**1.7. Toepaslike Wetgewing en Jurisdiksie:** Hierdie Ooreenkoms, die Dienste en die produkte sal gereguleer word deur en geïnterpreteer en vertolk word in ooreenstemming met die Wette van die Republiek van Suid Afrika. Enige dispuut rakende hierdie Ooreenkoms of die Dienste wat nie opgelos kan word tussen die Partye nie, sal eers verwys na konfidensiële arbitrasie in terme van die reëls van die Arbitrasie Stigting van Suid Afrika alvorens die aangeleentheid na die Howe verwys word. Sodanige arbitrasie sal geskied in Engels in Johannesburg, Suid Afrika. Toegang tot die Webtuiste en gebruik van die Dienste in gebiede en lande waar hierdie Webtuiste en/of Dienste daarop aanstootlik en/of beledigend is, is op die Verbruiker se eie diskresie.

**1.8. Vatbaarheid:** Indien enige bepaling van hierdie Webtuiste Regskennisgewing ongeldig bevind word deur enige hof met bevoegde jurisdiksie, sal die ongeldigheid van sodanige bepaling geen effek op die geldigheid van enige oorblywende bepaling(s) van hierdie Webtuiste Regskennisgewing hê nie, en sal sodanige oorblywende bepaling(s) in volle krag en effek bly.

**1.9. Webtuiste Intellektuele Eiendom:** Hierdie Webtuiste vorm sagteware, dienste en inhoud (onder andere teks, animasie, foto's, video, grafika, musiek, klank en stem opnames) wat die uitsluitlike intellektuele eiendom is van Geopende Deure en/of verskeie derde partye en onderhewig is aan die intellektuele eiendom wette van Suid Afrika. Verder, en tot die mate dat Geopende Deure nie spesifieke inhoud besit nie alternatiewelik dat sodanige spesifieke inhoud binne die publieke domein val, mag Geopende Deure kopiereg behou oor die keuse, koördinasie, reëling en verbetering van sodanige inligting op die Webtuiste. Geen lisensie tot die intellektuele eiendom van Geopende Deure of die intellektuele eiendom van derde partye word aan u verleen tensy spesifiek anders gestipuleer nie. Die sagteware, Dienste en inhoud mag op geen wyse gebruik word in die skending van die intellektuele eiendom regte van Geopende Deure en/of sodanige derde partye soos toepaslik nie. Sonder enige beperking op die verbod geplaas op die Verbruiker, stem die Verbruiker uitdruklik toe om nie:

**1.9.1.** enige Webtuiste inhoud kommersieel te gebruik, te herproduseer, versprei, versend, vertoon, publiseer of uit te saai sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van Geopende Deure of in die geval van 'n derde party, die eienaar van sodanige inhoud nie;

**1.9.2.** enige eienaarskap van die Webtuiste inhoud in sy totaliteit of andersins te eis of oor te dra nie;

**1.9.3.** enige inhoud van die Webtuiste aan te pas of te verander vir die doeleindes, gebruik of herplasing op enige ander webtuiste of andersins nie;

**1.9.4.** enige handelsmerk, kopiereg of ander kennisgewing te verander of te verwyder van die Webtuiste inhoud nie;

**1.9.5.** deur middel van kopiëring of op enige ander wyse die Webtuiste inhoud op enige ander webtuiste, elektroniese herroepingstelsel, publikasie of werk in enige ander vorm, te inkorporeer of stoor nie; en/of

**1.9.6.** die Webtuiste of enige gedeelte daarvan te raam nie.

**1.10. Ongevraagde Kommersiële Kommunikasie:** U bevestig dat u nie enige Persoonlike Inligting van gebruikers van die Webtuiste en/of lede van Geopende Deure sal insamel of gebruik vir die gebruik van verspreiding van en/of die fasilitering in die versending van ongevraagde kommersiële kommunikasie ("SPAM").



## 2. GEOPENDE DEURE ORGANISASIE INLIGTING

---

Die volgende tabel bevat verdere inligting oor Geopende Deure en verteenwoordig die inligting wat deur Geopende Deure aan u voorsien moet word in ooreenstemming met Artikel 43 van die Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wet. Hierdie gedeelte van die Webtuiste Regskennisgewing is laas nagegaan op 3 September 2010. U word geadviseer om gereeld hierdie Terme en Voorwaardes na te gaan vir enige aanpassings of opgraderings.

**Navrae:** [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

1.	Die volledige naam van Geopende Deure:	Geopende Deure Beperk ('n Assosiasie Ingelyf onder Artikel 21), 'n Artikel 21 Maatskappy, behoorlik ingelyf en geregistreer in terme van die Maatskappye Wet (61 van 1973) van Suid Afrika
2.	Geopende Deure se fisiese adres en telefoon nommer:	+27 (0) 11 888 9341
3.	Geopende Deure se webtuiste adres en e-pos kontak besonderhede:	<a href="http://www.opendoors.org.za">http://www.opendoors.org.za</a> <a href="mailto:southafrica@od.org">southafrica@od.org</a>
4.	Lidmaatskap van enige self-regulerende of geakkrediteerde liggaam waaraan Geopende Deure behoort:	Wireless Applicators Service Providers Association (WASPA)
5.	Gedragkode waaraan Geopende Deure homself onderwerp en hoe toegang elektronies tot hierdie gedragkode verkry mag word:	Wireless Applicators Service Providers Association (WASPA) <a href="http://www.waspa.org">www.waspa.org</a>
6.	Die registrasie nommer van Geopende Deure:	2004/023397/08
7.	Plek van Registrasie:	Suid Afrika
8.	Naam van Direkteur(e):	Uitvoerende Direkteur: J Gouws Raad van Direkteurs: GG Wood (Voorsitter), HAM Fourie, WM Louw, K George, P Mcloughlin, GB Rogers
9.	Fisiese adres waar Geopende Deure betekening van alle regsdokumente en kennisgewings sal ontvang:	65A 1 <sup>st</sup> Avenue Alberton Noord Johannesburg

10.	<p>Beskrywing van die hoof karaktereenskappe van die produkte of dienste aangebied deur Geopende Deure:</p>	<p>Geopende Deure is 'n nie-winsgewende, Christelik gebaseerde organisasie, wat ten doel het om onderdrukte en vervolgte Christene wêreldwyd te ondersteun en moedig betrokkeheid aan in wêreld evangelisasie. Geopende Deure verskaf opvoeding in die Christelike geloof asook opvoeding in die bovermelde sake. Geopende Deure verskaf onder andere boeke, Bybels, notas en DVD's. Geopende Deure verskaf ook leiding, leierskap opleiding en sosio-ekonomiese ontwikkeling in lyn met hul geloof. Verder maak Geopende Deure staat op donasies van die publiek om te help om hulle doelwitte te bereik.</p>
11.	<p>Die volle prys van goedere of dienste, insluitende vervoer kostes, belasting en enige ander foioe of kostes:</p>	<p>Sien asseblief die webtuiste <a href="#">Pryslis</a> vir relevante kostes.</p>
12.	<p>Wyse van betaling:</p>	<p>Betaling kan geskied by wyse van direkte deposito, internet oordrag of deur middel van kredietkaart.</p>
13.	<p>Die terme van die Ooreenkoms, insluitende enige waarborge, wat van toepassing sal wees op die transaksie en hoe sodanige terme elektronies verkry, gestoor en herproduseer kan word:</p>	<p>Soos uiteengesit in hierdie Regskennisgewing.</p>
14.	<p>Tydperk waarin goedere versend of afgelewer sal word of waarin dienste gelewer sal word:</p>	<p>Binne 9 – 12 besigheidsdae vanaf die datum waarop Geopende Deure betaling ontvang het.</p>
15.	<p>Die wyse en periode waarin verbruikers toegang kan verkry en 'n volledige rekord kan hou van die transaksie:</p>	

16.	Die terugkeer-, ruil- en terugbetalingsbeleid van daardie verskaffer:	Soos uiteengesit in hierdie Regskennisgewing.
17.	Alternatiewe Dispuut Resolusie Beleid:	U stem toe daartoe dat, in die geval van enige dispuut of beweerde oortreding van die terme hiervan, u te alle tye in goedertrou saam met Geopende Deure sal handel ten einde sodanige aangeleentheid intern op te los deur te wend na stygende vlakke van bestuur alvorens daar gewend word na arbitrasie.
18.	Die sekuriteitsprosedures en privaatheidsbeleid van Geopende Deure met betrekking tot betaling, betalingsinligting en persoonlike inligting:	Sien <u>Privaatheidsbeleid</u>
19.	Die minimum duur van ooreenkoms in die geval van ooreenkomste vir die voorsiening van produkte of verskaffing van dienste op 'n deurgaanse of herhalende basis:	Produkte word op 'n eenmalige basis aangebied.
20.	Die regte van die verbruiker in terme van Artikel 44:	Die verbruiker is geregtig op 'n afkoelperiode.

### 3. WEBTUISTE PRIVAATHEIDSBELEID

---

Die volgende tabel bevat belangrike inligting rakende die Geopende Deure Privaatheidsbeleid en sluit die verskeie vrywarings en toestemmings deur u verskaf aan Geopende Deure in verband met die gebruik van u Persoonlike Inligting in. Hierdie gedeelte van die Webtuiste Regskennisgewing is laas nagegaan op 3 September 2010. U word geadviseer om gereeld hierdie Terme en Voorwaardes na te gaan vir enige aanpassings of opgraderings.

**Navrae:** [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

#### 3.1. Privaatheid en Persoonlike Inligting:

**3.1.1.** Geopende Deure poog om te voldoen aan al die wette en regulasies insluitende die Suid Afrikaanse Konstitusie van 1996 asook ander wetgewing wat voorsiening maak vir hierdie privaatheid. Derhalwe streef Geopende Deure daarna om kwaliteit en akkuraatheid te verseker van persoonlike inligting in sy besit en verwerk onder die Suid Afrikaanse wet.

**3.1.2.** Geopende Deure sal nie verplig wees om die identiteit van die versender van enige boodskap of inhoud te bepaal of te verskaf nie.

**3.2. Persoonlike Inligting ingesamel, Beginsel van minimalisme en Doel van insameling:** Geliewe verseker te wees dat die privaatheid van Geopende Deure se Lede van uiterste belang vir Geopende Deure is. Die Geopende Deure Webtuiste versamel, prosesseer en stoor persoonlike inligting van sy Lede onderhewig aan die volgende beginsels:

**3.2.1.** Relevante en minimale persoonlike inligting van Lede word ingesamel ten einde die kommunikasie tussen die Lede en Geopende Deure effektief te kan bestuur. Lede bevestig dat alle persoonlike inligting verskaf deur hulle rakende enige elektroniese transaksie beide waar en korrek is. In die geval dat 'n Lid se persoonlike inligting verander na indiening, is dit die Lid se verantwoordelikheid om Geopende Deure onmiddellik van sodanige veranderinge in kennis te stel. Kennisgewing van verandering moet per e-pos versend word aan [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org). U stem toe en bevestig om Geopende Deure te verdedig en te vrywaar en verder Geopende Deure, sy beamptes, direkteurs, werknemers, agente, lisensiehouers, verskaffers en lede te vrywaar van en teen enige eise, skade, aksies en laste, insluitende, sonder enige beperking, verlies van winste, direk of indirek, toevallige, spesiale, gevolgskade of straffende skadevergoeding voortspruitend uit Geopende Deure se vertroue op 'n Lid se persoonlike inligting wanneer 'n aanlyn bestelling geplaas word, sou sodanige persoonlike inligting enige foute of onakkuraathede bevat.

Relevante en minimale persoonlike inligting van Verbruikers en/of Lede word outomaties deur Geopende Deure en sy gemagtigde tegnologiese agente ingesamel as 'n direkte resultaat van die Verbruikers en/of Lede se besoeke aan die Geopende Deure Webtuiste. Hierdie inligting word gebruik om die besoek aan die Webtuiste meer doeltreffend te maak en 'n analise daarvan fasiliteer verbeterings wat aangebring word aan die ervaring van die Webtuiste. Geopende Deure se agente en diensverskaffers mag ook outomaties rekord hou van u "IP adres" wat 'n unieke identifiseerder is vir die Lid se rekenaar en/of ander toegangstoestel.

Verder, en tot die nodige mate, mag Geopende Deure die Lid se kontakbesonderhede, soos ingedien, aanwend vir kommunikasie met die Lid soos bemarking of verskaffing van dienste versoek deur die Lid vanaf Geopende Deure. Hierdie inligting mag insluit, sonder enige beperking: die lid se naam, e-pos adres, sellulêre telefoonnommer, landlyn telefoon besonderhede, kredietkaartbesonderhede, en bankbesonderhede. Geopende Deure sal nie enige persoonlike inligting wysig, openbaar maak of verkoop aan enige derde partye anders as wat benodig word vir die verskaffing van die Dienste en elektroniese kommunikasie en transaksie fasiliteite aan die Lid nie; in die normale loop van besigheid en waar benodig word deur wet nie. Die Lid bevestig en stem toe dat die verskaffing van hul persoonlike inligting hul gewilligheid aandui vir die aanwending van sodanige inligting soos bespreek hierin.

### 3.3. Hantering van u persoonlike inligting

- 3.3.1.** Om ongemagtigde toegang te voorkom, inligting akkuraatheid te behou en die toepaslike gebruik van inligting te verseker het Geopende Deure verskeie beleide en prosedures in plek om die persoonlike inligting wat Geopende Deure van Lede insamel te beskerm.
- 3.3.2.** Lede neem kennis dat rekords met betrekking tot die verskaffing van Dienste en persoonlike inligting in terme van wetgewing, operasionele doeleindes en vir getuienisdoeleindes behou moet word deur Geopende Deure en Verbruikers stem uitdruklik toe tot hierdie berging en nodige toegang tot sodanige rekords.
- 3.3.3.** Verder, en tot die nodige mate, mag Geopende Deure die kontak inligting wat deur die Lid verskaf is aanwend om inligting aan die Lid te verskaf soos versoek deur die Lid rakende gebeure, dienste en/of produkte aangebied deur Geopende Deure.
- 3.3.4.** Lede se kontakbesonderhede en die kontakbesonderhede van derde partye opgehandig mag gebruik word vir kommunikasie soos bemerking en verspreiding van nuusbriewe aan Lede of relevante derde partye. Hierdie kontakinligting sluit in, sonder beperkings, name, e-pos adresse en/of kontak nommers. Met verskaffing van inligting van derde partye bevestig die Lid dat hy/sy die reg besit om sodanige inligting te verskaf. Die Lid bevestig dat sy/haar verskaffing van sodanige derde party inligting aandui dat sodanige party uitdruklik toestem dat die inligting aangewend mag word soos hierbo bespreek.
- 3.3.5.** Indien die Lid verkies om inligting in te dien deur gebruik te maak van die Geopende Deure Webtuiste en/of per e-pos, wat sal insluit, maar nie beperk is daartoe nie: terugvoering op artikels en/of ervarings, bevestig die Lid dat sodanige inligting verskaf gepubliseer mag word deur Geopende Deure tesame met hul naam en ander inligting verskaf.

### 3.4. Bekendmaking van persoonlike inligting: Geopende Deure mag persoonlike inligting bekend maak:

- 3.4.1.** om te voldoen aan wetgewing of regsprosesse;
- 3.4.2.** om die regte, fasiliteite, toerusting en ander eiendom van Geopende Deure te beskerm en te verdedig;
- 3.4.3.** om Geopende Deure te beskerm teen die misbruik en ongemagtigde gebruik van die Webtuiste; en/of

**3.4.4.** om ander Webtuiste Verbruikers of derde partye wat negatief beïnvloed word deur die relevante Lid se gebruik van die Webtuiste te beskerm.



## 4. TERME EN VOORWAARDE VAN ELETRONIESE TRANSAKSIES EN/OF DONASIES

Die volgende gedeelte bevat die terme en voorwaardes toepaslik op die elektroniese transaksies en/of donasies gesluit deur u op die Webtuiste. Hierdie gedeelte van die Webtuiste Regskennisgewing is laas nagegaan op 3 September 2010. U word geadviseer om gereeld hierdie Terme en Voorwaardes na te gaan vir enige aanpassings of opgraderings.

Navrae: [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

### 4.1. Geldigheid van Elektroniese transaksie:

4.1.1. 'n Geldige elektroniese transaksie is gesluit wanneer:

4.1.1.1. 'n Aanlyn bestellingsvorm deur u voltooi is en suksesvol aan Geopende Deure versend is;

4.1.1.2. Ontvangs van volledige betaling deur Geopende Deure van die bedrag verskuldig en betaalbaar deur u per u bestelling; en

4.1.1.3. 'n Bevestiging van Bestelling aan u gestuur is deur Geopende Deure.

### 4.2. Donasies:

4.2.1. U bevestig dat alle donasies wat u maak vrylik en vrywillig is, met die uitdruklike verstandhouding dat geen dienste en/of verpligtinge deur Geopende Deure hieruit sal voortspruit nie.

4.2.2. Geopende Deure bevestig dat enige donasie ontvang van u direk sal gaan aan die saak van u keuse soos gespesifiseer deur u op u donasievorm. In die geval dat daar geen saak gespesifiseer is nie, sal Geopende Deure die uitsluitlike diskresie behou om vas te stel na watter saak die donasie, hetsy geld en/of goedere, moet gaan; Geopende Deure bevestig egter dat, sou hierdie situasie ontstaan, sal sodanige geld en/of goedere slegs aan een van die Geopende Deure sake gedoneer word.

### 4.3. Betaling:

4.3.1. Betaling rakende u elektroniese transaksie en/of donasie van die bedrag(e) verskuldig en betaalbaar mag by wyse van die volgende geskied:

4.3.1.1. Bank deposito;

4.3.1.2. Internet oordrag; of

4.3.1.3 Kredietkaart

- Betalings met 'n kredietkaart sal aanvaar word deur middel van die fasiliteite van PayFast

4.3.2. Alle betalings aan Geopende Deure moet gedoen word in Suid Afrikaanse Rand (ZAR);

4.3.3. Kredietkaart transaksies:

4.3.3.1 Geopende Deure plaas hul vertrou in die sekuriteitsprotokols wat deur hulle betalings fasiliteite toegepas word. Verdere inligting rakende hierdie sekuriteitsprotokols toegepas deur hierdie diensverskaffers is beskikbaar by:

- PayFast – <http://www.payfast.co.za/c/std/credit-cards-buyer>

4.3.3.2 U bevestig dat u Geopende Deure vrywaar en verder Geopende Deure, sy beamptes, direkteurs, werknemers, agente, lisensiehouers, verskaffers en lede te vrywaar van en teen enige eise, skade, aksies en laste, insluitende, sonder enige beperking, verlies van winste, direk of indirek, toevallige, spesiale, gevolgskade of straffende skadevergoeding voortspruitend uit enige sekuriteitsbreuk wat toegeskryf kan word aan u, enige derdepartye en/of ons betalingsfasiliteit verskaffers.

4.3.3.3 Die Lid magtig Geopende Deure om die kredietkaart met besonderhede soos verskaf deur die Lid te debiteer as wyse/manier van betaling vir die produkte en Dienste en/of ander donasies hierin beskryf. Die Lid bevestig dat die kliënt die gemagtigde verbruiker van sodanige kredietkaart is. Geopende Deure stem toe om alle redelike voorkomingsmaatreëls in plek te stel ten einde die prosessering van die Lid se kredietkaart transaksie te beveilig. U stem toe tot die vrywaring van Geopende Deure, sy beamptes, direkteurs, werknemers, agente, lisensiehouers, verskaffers en lede van en teen enige eise, skade, aksies en laste, insluitende, sonder enige beperking, verlies van winste, direk of indirek, toevallige, spesiale, gevolgskade of straffende skadevergoeding voortspruitend uit enige verbreking van sekuriteit wat aan u of enige derde party toegeskryf kan word.

#### 4.4 Kansellasië van transaksie:

**4.4.3** Geopende Deure behou die reg voor om te weier om te aanvaar, te prosesseer of betaling te eer op enige bestelling en om enige transaksie te kanselleer in sy uitsluitlike diskresie insluitende 'n bestelling waarvoor betaling reeds ontvang is. Die redes mag insluit, sonder enige beperkings, sake buite die beheer van Geopende Deure, waar die "voorraad" deur Geopende Deure gehou onvoldoende is, of nie van 'n voldoende kwaliteit in die diskresie van Geopende Deure nie. Sou Geopende Deure die bestelling kanselleer, soos hierbo vermeld, sal die Verbruiker geregtig wees op 'n volledige terugbetaling van enige gelde ontvang van die Verbruiker deur Geopende Deure vir die spesifieke transaksie.

**4.4.4** U is geregtig om u transaksie te kanselleer binne 'n periode van sewe (7) dae vanaf die datum van ontvangs van goedere.

**4.4.4.1** U kennisgewing van kansellasië moet deur u bewerkstellig word deur middel van 'n e-pos aan Geopende Deure by die volgende adres [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org).

**4.4.4.2** In die geval dat die goedere reeds aan u gelewer is, is die kansellasië van sodanige transaksie onderhewig daaraan dat die goedere verseël, onoopgemaak en ongebruik bly.

**4.4.4.3** In die geval van 'n kansellasië sal u 'n volledige terugbetaling ontvang van die bedrag wat u aan Geopende Deure betaal het. Sodanige bedrag verwys alleenlik na die gekanselleerde transaksie.

**4.4.4.4** Die voorgemelde terugbetaling sal aan u uitbetaal word binne dertig (30) dae na die datum van kansellasië van die transaksie.

**4.4.4.5** U sal aanspreeklik gehou word vir enige toepaslike kostes vir die terugbesorging van die goedere aan Geopende Deure sowel as vir 'n administratiewe fooi van 10% van die produk(te) se koopprys.

## **4.5 Produk en Prys Inligting op die Webtuiste:**

**4.5.3** Geopende Deure onderneem om alle redelike stappe te neem om te verseker dat die Webtuiste die korrekte prysstrukture, bedrae betaalbaar en toeslag (wat insluit maar nie beperk is daartoe nie: afleweringkoste en invoerregte) betaalbaar akkuraat vertoon.

**4.5.4** Geopende Deure onderneem om alle redelike stappe te neem om te verseker dat die Webtuiste die korrekte produk beskikbaarheid en spesifikasies van die produkte aangebied akkuraat vertoon.

- 4.5.5** Nieteenstaande paragrawe 4.5.1 en 4.5.2 hierbo mag daar moontlik verskille in die pryse gepubliseer en die pryse gefaktureer ontstaan, sonder beperking, as gevolg van verandering in pryse van verskaffers en fluktuierende wisselkoerse; alhoewel verskille in produk beskrywing en beskikbaarheid mag ontstaan uit, sonder enige beperkings, die verskaffer se produk beskikbaarheid.
- 4.5.6** Dit is u verantwoordelikheid om u bestelling te bevestig alvorens betaling geskied; derhalwe bevestig u dat Geopende Deure nie aanspreeklik gehou sal word teenoor u vir enige verskille in die pryse en variasie van die produk beskrywings soos uiteengesit in paragraaf 4.5.3. hierbo onderhewig aan paragraaf 4.5.5 hieronder nie:
- 4.5.7** Wanneer 'n transaksie deur u gesluit word ten opsigte van 'n produk wat nie beskikbaar is nie sal u en/of Geopende Deure geregtig wees om sodanige transaksie te kanselleer in ooreenstemming met paragraaf 4.4 hierbo en geregtig wees op 'n terugbetaling.

#### **4.6 Afleverings:**

- 4.6.1** Geopende Deure lewer slegs af binne die grense van Suid Afrika.
- 4.6.2** Geopende Deure sal alle redelike stappe neem om te verseker dat U produkte aan u afgelewer word so spoedig moontlik. U moet egter nege (9) tot twaalf (12) besigheidsdae toelaat vanaf ontvangs van u Bestellings Bevestiging vir aflevering om plaas te vind.
- 4.6.3** Die afleveringsperiode sal 'n aanvang neem met ontvangs van u volle betaling van u bestelling vanaf Geopende Deure.
- 4.6.4** U bevestig dat u Geopende Deure vrywaar teen enige eise, skade, aksies en laste, insluitende, sonder enige beperking, verlies van winste, direk of indirek, toevallige, spesiale, gevolgskade of straffende skadevergoeding voortspruitend uit die laat aflevering wat plaasgevind het as gevolg van omstandighede buite die beheer van Geopende Deure.

#### 4.7 Beskadigde / Defektiewe / Foutiewe Produkte:

4.7.1 U stem toe om alle produkte deur U ontvang te inspekteer op die datum van ontvangs van sodanige produk en te verseker dat alle produkte ontvang deur U onbeskadig is, in 'n goeie werkende toestand is en wel die korrekte produkte is soos deur u bestel.

4.7.2 In die geval dat U voorsien is van 'n foutiewe produk, die produk beskadig is en/of defektief is, moet U Geopende Deure in kennis stel binne twee (2) dae vanaf die datum van ontvangs van die produk. Sodanige kennisgewing moet gedoen word deur middel van 'n e-pos wat gestuur moet word aan [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org), alternatiewelik telefonies, deur te skakel na +27 (11) 888 9341 en die produk moet onmiddellik terug besorg word aan Geopende Deure by Posbus 1771, Cresta, Johannesburg, Gauteng, Suid Afrika, 2118. Met ontvangs van die produk deur Geopende Deure sal Geopende Deure sodanige produk ondersoek en aan u bevestiging voorsien of die produk wel beskadig of defektief is. In die geval dat die produk wel beskadig of defektief verklaar word:

4.7.2.1. Mag u 'n terugbetaling van Geopende Deure versoek in ooreenstemming met die prosedures soos uiteengesit in klousule 4.4; alternatiewelik

4.7.2.2 Mag u versoek dat 'n alternatiewe produk van dieselfde waarde as die beskadigde / defektiewe produk aan u gelever word, want dan aan u afgelewer sal word op die onkoste van Geopende Deure.

---

## 5 GEOPENDE DEURE WEBTUISTE TEGNIESE KONTAKTE

---

Naam:

Benaming: Webmeester

E-pos: webmaster@opendoors.org.za

Tel: +27 11 888 9341

---

## 6 GEOPENDE DEURE KLAGTES KONTAKTE

---

Naam:

Benaming: Webmeester

E-pos: webmaster@opendoors.org.za

Tel: +27 11 888 9341